MAGAZINE / TYDSKRIF

50+ ONLINE

Issue 40

September 2024



Kom verf saam bl 10!

Is jy 'n goeie mamma?....

Hallo Summer!

INDEX

CONTENT

50+

MAGAZINE / TYDSKRIF

COMMENTS:
Please send us an e-mail to
admin@topvibe.co.za
to share your opinion, ideas and comments.

COPYRIGHT:
Content of 50 + Magazine / Tydskrif is protected by copyright. NO part of this publication may be repoduced or used in any form whatsoever without prior settlement with the Editor.

DESCLAIMER:
The Editor or the publisher cannot be held responsible for damages or consequences of any errors or omissions neither do they stand warranty for the performance of any article, letter and / or advertisement.
The view of other writers or articals in this Magazine is not necessarlly the view of the Editor.

EDITOR:
Charmaine Britz

CONTACT DETAIL:
Cell: 072 768 8582

WEBSITE:
www.topvibe.co.za

MEDIA HOUSE - TOP VIBE MAGAZINE
- TOP VIBE KIDS MAGAZINE
- GLAMOUR TALK MAGAZINE
- 50 + MAGAZINE

1.

50+ AMBASSADORS:

A message from our lovely Ambassadors they will bring you something new every month.

2.

ADVERTISING:

Advertise your business, products and more with us at affordable prices.
For more info call 072 768 8582

3.

MEDIA HOUSE PROJECTS '24:

Thank you for your support in 2023.
Please support us in 2024


4.

BE ON OUR COVER PAGE ?:

Are you 50 + meaning 50 years and older? Then enter our competition.

Hallo Summer!





REGULARS

1. COVER PAGE 01

Cover page: Summer is here wair a hat.

2. 50+ AMBASSADORS 04

Our 50+ Ambassadors is two beautiful ladies Fredricka Storm and Handelien Volschenk

3. ADVERTS 08

Find our adverts here and please support them.

4. 50 + Cover page: 05

You can be on the next cover page - all you have to do is to enter. Looking forward to see you on the next cover page.

5.BACK PAGE 20

Back page - our next issue is our October Issue



Photographer: Albertus Kriel
Venue: Bar with No Name - Village

Redakteur
aan die woord

Liewe leser,

1st September is lente dag, die somer is hier en ons kan nou weer heerlik kuier om die swembad.

Media House se vrouedag met Scallywag was een groot sukses. Daar was heerlik gekuier. Hou ons Facebook blad dop vir die foto's

Media House se projekte kom stadig maar seker aan 'n einde daar by nou net nog een oor en dit is die 7de Desember die Face van Top Vibe Kids and Top Vibe Magazine 2024.

Vanjaar hou ons ons jaareind funksie vroeg! Dit gaan lekker wees om net saam te kuier.

Maar ons kan mos nie still sit nie, kom verf saam met ons julle gaan dit so geniet.

Sien bladsy 10 en 11 dit gaan lekker pret wees kom al het jy nog nooit so iets gedoen nie - daar is altyd 'n eerste keer.

Ek groet to volgende maand.

Charms xox

50+ Ambassador



FREDRICKA STORM

Fotograaf Albertus Kriel

MY DRUPPEL INK… September2024

‘n Bloeisel mooi hallo aan elkeen.

Kom ons wees positief en “jollie” want die LENTE is hier. Raak n bietjie uitdagend en doen nuwe dinge wat die lewe opwindend maak. Soms stagneer ons want die lewe hol weg met ons.

Is jy ook geneig om te dink…. Heng kan ek dit of dat nog doen NA 50+…. BESLIS JA. Jy kan nog.

Daardie “+” staan vir 50 PLUS SUPER TAX.

Jy het ‘n pad gestap in die lewe en mag doen wat jy wil doen want jy het dit al gedoen…. Of doen dit vir die eerste keer, dis ook “oraait”. Sing tot die plastiek bakke in jou huis roes. Gryp jou besem en dans dat die stof staan. Wees “mal” en drink éno’s teen die “gal”. Drink ‘n glas wyn uit jpu kar se “boot” wanneer jy by ‘n funksie is….. MAAR LEEF ….

Mag hierdie Lente seisoen nuwe bloeisels in jou lewe bring wat tot die mooiste vrugte sal groei.

Liefde Groete tot my volgende Druppel Ink

“Fredericka die 50-Plusser”



50+ Ambassador



HANDELIEN VOLSCHENK

Fotograaf Albertus Kriel

Die Braaibroodjie: 'n Suid-Afrikaanse stapelvoedsel.

Die braaibroodjie is 'n ikoniese Suid-Afrikaanse bederf wat 'n absolute moet by enige braai is. Dit is in wese 'n geroosterde kaastoebroodjie met 'n Suid-Afrikaanse kinkel.

Klassieke Braaibroodjie.

Bestanddele:
* Witbrood
* Botter
* Kaas (cheddar is gewild)
* Tamatie
* Ui
* Sout en peper

Hoe om 'n braaibroodjie te maak:
* Smeer een kant van elke sny brood.
* Pak die kaas, tamatie en ui in lae op een sny.
* Geur met sout en peper.
* Maak die toebroodjie toe met die gesmeerde kant na buite.
* Braai oor warm kole tot goudbruin en die kaas gesmelt is.
Wenk: Vir ekstra geur, oorweeg dit om blatjang of 'n skeut Worcestersous by te voeg.

💭Nasionale Braaidag:

'n Suid-Afrikaanse tradisie
Dit is reg! Nasionale Braaidag is 'n geliefde Suid-Afrikaanse tradisie wat op 24 September gevier word, wat saamval met Erfenisdag.

Die idee om die twee te kombineer is geïnisieer deur Jan Scannell, liefdevol bekend as "Jan Braai," om die verenigende krag van die braai (braai) in die Suid-Afrikaanse kultuur te beklemtoon.
Wat maak 'n braai so spesiaal?
* Eenheid: 'n Braai bring mense bymekaar, wat kulturele en sosiale verskille oortref.
* Smaak: Die unieke geure van geroosterde vleis, veral boerewors, is ikonies.
* Buiteluggenot: Braai word dikwels in pragtige natuurlike omgewings geniet.

Groete

Handelien



"Advertising your business"









Media House fun projects - join us!

Media House invite you to join as, we will have loads of fun.

Please note there is only 30 seats. Make sure to book in advance then you will not be disappointed.

WhatsApp 072 768 8582 to make your booking







Voorblad geleentheid in 2024

Will jy ook op 'n tydskrif se voorblad verskyn?

Jy kan al wat jy moet doen is om ons Faceboek blad dop te hou en sodra jy die advertertensie sien skryf in en jy mag dalk net ons volgende voorblad gesig wees.

Dit kan heerlike pret wees, ek hoor al hoe spog die kleinkinders met ouma en oupa op die voorblad of wat van ouma en oupa saam.

Ja dit is nooit te laat nie, maak 2024 jou jaar en waag 'n bietjie ek belowe dit gaan pret wees..

My kontak nommer is 072 768 8582 vir meer inligting..



Is jy 'n goeie mamma?....



IS JY 'N GOEIE MAMMA?
(En verskoon my as ek weer vandag op 'n paar tone gaan trap! Dit is glad nie my bedoelling nie).

Só! Jy is die mamma wat vanoggend weer soos 'n vis-wyf op almal geskree het! Soos 'n opgewarmde gasbottel by die voordeur uit is!

Jy is die mamma wat vir die 8ste keer vir boetie mooi moet vra om sy verdomde skoolklere aan te trek. En op die 9de keer verloor jy dit totaal en al! Óf jy moet luister hoe sussie soos mal koei skree as jy haar hare kam!

Vir kort oomblikke het dit vir jou gevoel "THAT'S IT! EK IS KLAAR! EK KAN NIE MEER NIE!"

Jy is die mamma wat dink: "Hoekom voel ek soos daai mamma wat net skêl en perform? Is ek dan 'n slegte ma?"

MAAR!!!!!

Net omdat jy nie perfekte naels en opgedolliede hare het as jy soggens voor die skool stop nie, beteken nie dat jy 'n slegte ma is nie!

As jou kinders se kosblikke nie vol Woolies se lekkernye is soos van die ander maatjies se kosblikke nie, beteken dit NIE jy is 'n slegte mamma nie!

Nog 'n fondsinsameling vir die skool? En weer kry jy nie al die lootjie kaartjies verkoop nie (mind jou, daar was 180 kaartjies teen R20 'n kaartjie)....neeeee DIT MAAK JOU OOK NIE 'N SLEGTE MA NIE!

Soms is NIEMAND lus om 'n skaap te wen nie, maar meestal is jy besig om 'n huishouding te RUN! (Party van ons wil sommer permanent weg "RUN").

Daai gruweloomblik as jy met skok agterkom jou tiener seun se langbroek sit al op sy maer-merries en jy skaam jou morsdood, want jy het dit nooit eers agtergekom nie! Of jy sien nie hoe sy skoene se sole losgetrek het nie....en jy wonder hoe lank hy al tussen almal so rondloop....DIT MAAK JOU OOK NIE 'N SLEGTE MA NIE! Jy is nie 'n weermagoffisier of koshuis Moeder wat elke dag inspeksie doen nie!

Wanneer jou kind jou 20h00 op 'n Dinsdag aand inlig dat hy more 'n praatjie moet doen oor "BLOU" en jy skêl hom so dat nie eers die see hom sal kan skoonwas nie. (BLOU....watter normale mens gee inelkgeval 'n onderwerp oor "BLOU"....kan jy regtig aan geen beter onderwerp gedink het nie??? Hoe raak mens opgewonde oor BLOU?). ANYWAY....dan is jy nogsteeds nie 'n slegte mamma nie.

Wanneer jy 6 keer 'n week vir jou kinders 2-minute-noodles gee vir middagete is jy steeds nie 'n "bad person" nie!

Wanneer jy 2 minute voor die klok gaan lui onthou jy het kinders wat jy by die skool moet optel (dis 20 minute se ry skooltoe) en jy weet voor jou Heilige siel hier kom dikbek kinders dan is jy ook nie 'n slegte ma nie. (jaaa....jy wil weet wat hierna gebeur het...Die 3 het langsmekaar soos "sardientjies" gestaan met 3 bar opgepompde wange en my uitgekyk of hulle my met sussie se hokkie stok wil slaan. If looks could kill). Ek moes toe maar opmaak met 'n McDonalds roomys!

Dit is dikwels die klein dingetjies wat ons mammas die wetter in maak en jou laat voel dat jy useless is en useless sal doodgaan.

VOLG BL 16 EN 17

Is jy 'n goeie mamma?....

Dit is dikwels die stupid dingetjies wat maak dat jy 'n aar in jou kop wil bars, of 'n "mik-mik-beweging" na boetie se "3-bar-opgepompde-mond" wil swaai, maar onthou jy vandag die volgende mamma:

Jy is 'n goeie mamma, want:
1. Jou kinders het 'n mamma!
2. Jou kinders het 'n mamma wat hulle versorg en alles op die aarde vir hulle sal doen ten koste van haarself. (ja, ek is dieselfde, my hempies het al gate in, maar ek sal eerder 'n nuwe hemp vir boetie koop as wat ek vir myself iets koop. My krale moet maar die gaatjies toemaak!)
3. Jou kinders het kos! (Al moun hulle ook hoe baie dat hulle moeg is vir brood).
4. Jou kinders het 'n ma wat omgee.
5. Jou hart is groter as wat jy besef.
6. Jy het geduld (al dink jy jy het nie).
7. Jy is die een wat die hele huishouding se tydskedules soos die alfabet uit jou kop uit ken.
8. Jy is die een wat die koskaste volhou en presies weet hoeveel suiker-korreltjies oor is in die suikerpot.
9. Mammas is eenvoudig aanmekaar geweef om honderde klein dingetjies gelyk te kan bestuur, begrotings te laat klop en 'n seerplek gesond te soen – alles tegelyk!
10. JY! MAMMA! IS 'N WONDERWESE! PERFEK GESKEP!
11. Mamma, jy vermoei jouself met soveel uitdagings wat kinders grootmaak deesdae bied, en jy doen dit ALTYD met die grootste liefde.

Die slegte nuus is egter mammas:

Jy kan hoé vermoeid met jou kind se uitdagings wees, die beste kos maak, die beste dokter, skool of terapeut vir jou kind kry – AS DIT NIE GOED GAAN MET MAMMA NIE, LOOP HAAR KUIKENS OOK NIE IN 'N REGUIT RY NIE!

Begin vandag en glo weer 'n bietjie in JOUSELF!

Bederf bietjie jouself! Koop daai duur skoene!

Spandeer bietjie vir 'n slag 'n geldjie op jouself! JY VERDIEN DIT MEER AS ENIGE IEMAND ANDERS!!!

WANT….

JY IS 'N GOEIE MAMMA! Maak nie saak wat nie!

(Mag ons kinders ons ouers waardeer. Vergewe hulle waar hulle nie volmaak is nie, WANT JY, MY KIND, IS OOK NIE!).

Van 'n ander goeie mamma XXX
WE CAN DO THIS!!!!

Skrywer onbekend



The Elders will say - and it's true

THE ELDERS WILL SAY!!!

1. "A stitch in time saves nine."
2. "Actions speak louder than words."
3. "All good things come to those who wait."
4. "An apple a day keeps the doctor away."
5. "Birds of a feather flock together."
6. "Better late than never."
7. "Don't count your chickens before they hatch."
8. "Don't put all your eggs in one basket."
9. "Every cloud has a silver lining."
10. "Every dog has its day."
11. "Every man for himself."
12. "Fortune favors the bold."
13. "Give a man a fish and you feed him for a day; teach a man to fish and you feed him for a lifetime."
14. "Haste makes waste."
15. "It takes two to tango."
16. "Kill two birds with one stone."
17. "Let sleeping dogs lie."
18. "Make hay while the sun shines."
19. "Necessity is the mother of invention."
20. "No pain, no gain."
21. "Out of the frying pan and into the fire."
22. "Practice makes perfect."
23. "Rome wasn't built in a day."
24. "The early bird catches the worm."
25. "The grass is always greener on the other side."
26. "The pen is mightier than the sword."
27. "There's no smoke without fire."
28. "Too many cooks spoil the broth."
29. "Two heads are better than one."
30. "When in Rome, do as the Romans do."
31. "Where there's a will, there's a way."
32. "You can't judge a book by its cover."
33. "You can't make an omelet without breaking eggs."
34. "You reap what you sow."
35. "A watched pot never boils."
36. "Actions speak louder than words."
37. "Beggars can't be choosers."
38. "Better safe than sorry."
39. "Curiosity killed the cat."
40. "Don't bite the hand that feeds you."
41. "Don't cry over spilled milk."
42. "Don't put off until tomorrow what you can do today."
43. "Easy come, easy go."
44. "Familiarity breeds contempt."
45. "Half a loaf is better than none."
46. "Idle hands are the devil's workshop."
47. "It's no use crying over spilt milk."
48. "Jack of all trades, master of none."
49. "Kill the fatted calf."
50. "Let bygones be bygones."
51. "Look before you leap."



MAGAZINE

MEDIA HOUSE



NEXT ISSUE OCTOBER 2024

TO DOWNLOAD GO TO WWW.TOPVIBE.CO.ZA